"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Beaumont Nuusbrief
# 29 Nov 2011



## Beste ouers: Wat wou ons bereik met uitreik ?



**1.UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr1 tot 3's vandag graag wou doen!**

**2.Liedjies** is gesing en "Bubblegum" en "Popcorn" van Nedine Blom was weereens bo-aan die wenslys !

**3.**Die **verhaal "onder Sy vlerke"** is vertel wat gaan oor die rooi hen wie haar kuikens wou beskerm toe daar 'n brand uitgebreek het. Sy het hulle liefgehad en geweet onder haar vlerke sou hulle veilig wees! Een kuiken wou egter nie en het omgekom in die brand. Net so sal ons veilig wees as ons op Jesus se roepstem antwoord en op Hom vertrou en keuse maak vir Hom. Ons lees in die Bybel: **Lukas 13:34 "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie!"**




**4.**Soms is ons ook so dom soos die kuiken wie nie na Rooi Hen wou luister om onder Jesus se "vlerke" in te kruip vir beskerming en veiligheid nie. **My vraag aan almal daar was of hulle al 'n keuse vir Jesus gemaak het en Hom gevra het om hulle sondes te vergewe. Baie het hul hande opgesteek en ons het saam gebid dat Jesus hulle sonde wegneem en Sy kind maak.** Bid asb vir die maats wie Jesus aangeneem het! **5.**Almal het lekker **saamgekuier en boeresport** gedoen en geskenke uitgedeel. Ons wys ons liefde vir ander kinders. Almal het saam gestem dat ons dit weer moet doen!



**DANKIE VIR ELKEEN SE BYDRAE VIR GESKENKE EN LEKKERGOED PAKKIES en ook al die hulp met vervoer - DIT WORD BAIE WAARDEER! Kyk ook op 2de bladsy na foto's van uitreik-dit was 'n reuse sukses! Ons gee aan God die eer vir hierdie dag!**

**Bid asb vir jou kind en die bediening. Moet nie huiwer om my te kontak nie.**

**Groete Celeste Steinmann 082 322 5299 of stuur e-pos na : hope.explosion@telkomsa.net**

UT PROSIM



















